

Lofprysing & Aanbidding
 Aankondigings
 Toetrede
 Votum
 Seëngroet
 Lofsang
 Verootmoediging
 Skuldbelydenis
 Geloofsbelydenis
 Offergawes
 Kindermoment
 Gebed

Lied 212; Ps 146; Vonkk 159; FLAM 406; Vonkk 70

Lied 172 : 1

Lied 400 : 1 – 5

Lied 384 : 1 (Afr/Eng)

Lied 547 :1

Teks: Jeremia 29 : 1—14
 Tema: 2020 Visie: Sien Suid-Afrika anders

Gebed
 Uitsending
 Seën
 Amen

Vonkk 272 : 1 – 4

Vonkk 38 : 1



SONDAG 1 Maart 2020
1ste Sondag in Lydenstyd

Teks: Jeremia 29 : 1—14
 Tema: 2020 Visie: Sien Suid-Afrika anders

DEURKOLLEKTE:

Gemeente
 ondersteuning

10:30 Kategese

15:00 Sothodiens: GEEN

17:30 Koffie Konnekt: Ds De la Harpe le Roux

Tema: Ds De la Harpe kom deel oor die werk wat Torings van Hoop (Tweetoring-kerk) onder die straatmense van Bloemfontein doen.

Poedingverkope van verlede Sondag: R2585. Dankie Blokke C, D/F, E/G & N vir julle mooi bydraes en harde werk. Dit was lekker ...

| | | |
|-------------------------------|--|--|
| Diakens diensbeurte: | 1 Maart Margaret, Hennie, Linda, Schalk, Ina, Pierre, Deon | 8 Maart Annie, Griesel, Carin, Colin, Conri, James, Deon |
| Ouderling diensbeurte: | 1 Mar — Herklaas Smit 8 Mar — Johannes Beckmann | Kantoordiens: 1 Mar — Annetjie v Wyngaardt 8 Mar — Petro Rowe |

ALGEMENE INLIGTING:

- **Leraar:** Ds Mauritz Heyneman
 Adres: Danie Pienaarsingel 12, Pentagonpark
 Kontakbesonderhede: 079 895 3916 of 051 436 1644
- **Kerkkantoor:** Laliqie Janse van Rensburg
 Adres: Stratfordstraat 43, Heuwelsig
 Kontakbesonderhede: 051 436 6634

- **Alle nuwe lidmate!** Hartlik welkom hier by ons! Ons gebed is dat jy hier tuis sal voel. Gee asb. jou naam na die diens in die voorportaal by die ouderling op en iemand sal jou kontak.
- **Huisbesoek:** Indien jy 'n behoefte aan huisbesoek het, of bewus is van iemand wat dringend huisbesoek benodig, kontak asb vir Ds Mauritz, jou kerkraadslid of die kerkkantoor. **Ons is hier vir jou!**
- **Laat weet asb vir Ds Mauritz van siekte, veral hospitalisasie.** As jy ons nie laat weet nie, kan ons jou nie besoek nie ... dit geld ook asb. wanneer persone "step downs" toe gaan.
- **Dankoffers:** Baie dankie vir jou getroue finansiële bydrae tot Heuwelkruin se werksaamhede. Oorweeg asb. elektroniese oorbetalings (EFT) of debietorders. Oorweeg ook (aan die begin van die jaar) 'n aanpassing in jou dankofferbydrae en/of debietorder.
- **Bankbesonderhede:** NG Heuwelkruin, ABSA Tjekrekening 470 583 266, Takkode 632 005
- Ons drink elke Sondag na die erediens **tee/koffie** (met beskuit) by die luike—ALMAL welkom! Nooi iemand en kom kuier saam. Dankie aan die skinkers!

LIEF EN LEED:

- Truana Cilliers (E/G) Knievervanging in komende week
- Hendrik van Zyl (Tsumkwe) Kanker her hervat en versprei
- Izak de Villiers (O) Herstel na rugoperasie
- Rita van Rooyen (L) Leukemie
- Retha Grobler (C) Bestraling/kanker

Baie welkom aan die nuwe intrekkers wie se attestate ons ontvang het:


- Diederik Oberholster (Waterbron)
- Erika Mouton (APK kerk)
- Dr Justus & Orné Meyer (Bothaville)
- Frank Pretorius (Wierda Park) & Anna Slabbert (Woodland Hills)
- AJ (Carltonville) & Naomi Barnard (Delareyville)

WÊRELDBIDDAG VIR VROUE 2020

Gebedsbyeenkoms, Vrydag 6 Maart om 10:00 in die Kapel.

Alle vroue word hartlik uitgenooi na die geleentheid!

Indien jy nie die oggend se byeenkoms kan bywoon nie, maar graag saam wil bid, bevestig asb dan by Christine du Toit 073 413 7790 wat bereid is om 'n verkorte weergawe van die oggend se program om 17:15 aan te bied.



Let wel:

- ⇒ 15 Maart—Sanet Strydom van die Vrystaatse Azheimers-vereniging kom gesels oor **Alzheimers**
- ⇒ **Athalia** benodig asb storieboeke. Gee by kerkkantoor af.
- ⇒ Ons doen 'n vriendelike beroep op al die dames om breipenne en wol nader te trek en vir Athalia-inwoners teen die koue te help. Serpe, slaapkouse of handskoene (met of sonder vingers) sal baie, baie welkom wees. Basiese patrone sal by kantoor beskikbaar wees. Druk op Magriet Pretorius se nommer vir afvalwol. Tel 083 279 3475. Byvoorbait hartlike dank vir u samewerking!



JEUG

- ⇒ **Kategesekollekte:** Vanjaar samel ons kinders geld in vir Doephuis se dogtertjies. Ons mikpunt is R3500! Dankie vir elke geldjie wat ons kinders Sondag in die kollektekissies gooi.
- ⇒ 15 Maart **Bybelbasaar** (kwartaalafsluiting)

Lydenstyd 2020

Lydenstyd is die oudste kerklike fees, en het al in die vroegste eeue ontstaan. Dit is 'n reis van 40 dae, na aanleiding van Jesus se vastyd in die woestyn aan die begin van sy openbare bediening, wat vir Hom 'n tyd van toewyding en voorbereiding vir sy taak was. Hierin het die kerk Hom gevolg. Maar omdat Sondag die opstandingsdag van die Here is, het baie gevoel ons kan nie op die Sondag vas nie. Daarom word die Sondag uit die vastyd gehou, en begin die vastyd 46 dae voor Paasfees, dws 40 dae plus die 6 Sondag, van Aswoensdag tot Stil Saterdag.

Dit is die kruis van Lydenstyd en vas: 'n vernuwingsproses, waarin ons loskom van onself en al hoe meer op die Here Jesus fokus, aan Hom vasgryp, sodat ons soos Hy kan word; waarin ons onself aflê, sodat ons die nuwe mens in Christus kan word. Paulus beskryf dit goed in Kol 2:6-7: *Aangesien julle dan Christus Jesus as Here aangeneem het, moet julle in verbondenheid met Hom lewe, in Hom gewortel en op Hom gebou, vas in die geloof soos julle geleer is, en met dankbaarheid vervul.*

Tsumkwe-uitreik 2020

Daar word 'n uitreik na Tsumkwe beplan vir DV 12 tot 20 Junie.

Indien jy geroep voel om hierdie uitreik mee te maak, kontak asb. vir ds Mauritz (079 895 3916) vir meer inligting. **SLUITINGSDATUM: 20 Maart 2020**

VROUEDIENS



Vroueblad: Berigte en advertensies kan aan die kerkkantoor gestuur word voor 17 Mei.

Gemeentevrou: dankie vir jou harde werk en dat jy jou gawes hier in Heuwelkruin-gemeente gebruik .

Skakel gerus vir Hannelie du Randt (voorsitter) by 0828061648 of Sonja Jansen 0712023972 in die n j y v r a e o f n u w e i d e e s h e t v i r o n s V r o u e d i e n s .

Dankoffers

Baie dankie dat jy as lidmaat getrou jou dankofferbydrae vir Heuwelkruin se werk in God se koninkryk bydra! Ons waardeer dit opreg.

Wil jy nie dalk oorweeg om jou aftrekorder vir 2020 aan te pas nie? Dit kan net meehelp om ons verpligtinge oral na te kom. Vir jou gerief, veiligheid en 'n konstante inkomste vir die gemeente, word jy vriendelik gevra om elektroniese inbetalings te oorweeg.

Bankbesonderhede: NG Gemeente Heuwelkruin, ABSA; Rek no: 470 583 266; Takkode: 632 005; Verw: jou lidmaatnr

Indien jy graag 'n spesiale bydrae t.o.v. 'n spesifieke projek van die gemeente wil maak, kan jy dit ook so spesifiseer wanneer jy 'n EFT-oorbetaling maak. Dit sal dan vir daardie spesifieke doel aangewend word.